

HOOFSTUK 18

Die genademiddele

1. Inleiding

1.1 Daar is twee genademiddele:

- Die verkondiging van die Evangelie
- Die gebruik van die sakramente

1.2 Die sakramente word aangewend om ons geloof te versterk – Heidelbergse Kategismus (HK), vr. 65; 1 Petrus 2:2.

1.3 Sakramente is heilige, sigbare tekens en seëls.

Heilig. God het hulle ingestel.

Sigbaar. Die tekens kan gesien word, naamlik brood, wyn en water.

Tekens en seëls. Die sakrament stel die beloftes van die evangelie so voor dat ons dit kan sien en met ons verstand begryp. Die sakrament is meer as net die teken wat ons sien. Dis 'n seël omdat dit die beloftes van die evangelie aan ons verseël.

1.4 Die sakramente verseël nie iets **in** die ontvangers van die sakrament nie. Dit skenk of bewerk byvoorbeeld nie vergewing van sondes of die wedergeboorte nie. Die sakrament verseël **aan** die ontvanger die vergewing van sondes en die genade van God. Daarom dien dit tot versterking van die geloof.

1.5 God is die Insteller van die sakramente, want hy deel die genade uit. Al deel die predikant die Nagmaal uit, is die Gasheer van die Nagmaal die Here Jesus Christus. Hy gebruik net die predikant om die brood en wyn vir Hom uit te deel, of om die water op die dopeling te sprinkel, omdat Hy – Jesus – reeds in die hemel is.

1.6 Die sakrament is al in die Ou Testament aanwesig, naamlik die besnydenis wat met Abraham ingestel is – Genesis 17:9-14, en die pasga wat met die uittog uit Egipte ingestel is – Eksodus 12:1-25

1.7 Die besnydenis en die pasga word in die Nuwe Testament deur die sakramente van die doop en die Nagmaal vervang, omdat die bloed wat Jesus aan die kruis gestort het, 'n einde gemaak het aan alle ander bloedstortings – Nederlandse Geloofsbelijdenis (NGB), art. 34.

1.8 In beginsel moet die Nuwe-Testamentiese sakramente teruggevoer word na die Ou Testament, omdat die twee Testamente 'n eenheid van God se openbaring is. Alle sake in die Nuwe Testament is reeds in beginsel in die Ou Testament aanwesig.

1.9 Die doop vervang die besnydenis – Matteus 28:19 en Kolossense 2:8-11.

1.10 Die Nagmaal kom in die plek van die pasga – Lukas 22:14 e.v.

1.11 Die Rooms-Katolieke Kerk (RKK) aanvaar sewe sakramente, naamlik doop, mis, konfirmasie, biege, huwelik, laaste oliesel, priesterwyding.

1.12 Die ware kerk kan slegs sakramente as sulks aanvaar wanneer hulle deur God self – en nie deur die kerk nie – ingestel is en in beide Testamente voorkom.

2. Doop

2.1 Die doop kom in die plek van die besnydenis – Kolossense 2:8-12.

2.2 Die doop leer dat ons 'n ewige verbond met God het, waarkragtens Hy ons geheel en al sy eiendom gemaak het – 1 Petrus 2:9,10; NGB, art. 34.

- 2.3 Die doop is deur die Here Jesus self ingestel met die woorde: “*Doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.*” Dit beteken dat die gedoopte aan God die Vader, aan Jesus Christus en aan God die Heilige Gees behoort – Matteus 28:19.
- 2.4 Die teken by die doop is die water. Die teken is die simbool daarvan dat, soos wat die water die vuilheid van die liggaam afwas, die bloed van Christus ons sondige onreinheid afwas.
- 2.5 Ons doop kinders omdat die verbond van God met kinders en met volwassenes gesluit is. Die grond vir die kinderdoop is dus die belofte dat die verbond aan hulle ook toekom – Genesis 17:7; Handeling 2:39; Kolossense 2:11-13.
- 2.6 Handeling 11:14 leer dat die hele huisgesin salig word saam met die hoof van die gesin. Dit beteken grootmense en kinders.
- 2.7 Daarom moet ons ons kinders so gou moontlik na hulle geboorte doop. Dit is sodat die verbond van God, waarvan hulle deel is, aan hulle bevestig kan word. Dit is hulle reg om aan God te behoort en ons mag dit nie van hulle af weghou nie.
- 2.8 Die doop beteken vier dinge:
- Vergewing van sondes – Handeling 22:16
 - Wedergeboorte en heiligmaking – Romeine 6:3-6
 - Inlywing in die gemeenskap met die gemeente – 1 Korintiërs 12:13a
 - Verpligting om ’n nuwe Godsalige lewe te lei – Matteus 28:19b; HK, vr. 70
- 2.9 Geldigheid van die doop
- 2.9.1 Die doop moet met die Trinitariese formule bedien word, met ander woorde die dopeling moet gedoop word in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees.
- 2.9.2 Dit moet met water geskied.
- 2.9.3 Dit moet deur ’n geordende predikant bedien word.
- 2.9.4 Dit moet in ’n erediens geskied.
- As enige doop aan bogenoemde vier vereistes voldoen, word dit deur die Gerefomeerde Kerk erken. Maar sou dit op enige van bogenoemde punte kortskiet, moet die persoon weer gedoop word.
- 2.10 Die Griekse woord vir *doop* wat in die Nuwe Testament gebruik word, het ook die betekenismoontlikheid van *indompel*, met ander woorde *om iets in ’n vloeistof te druk*. By baie geleenthede was daar egter nie soveel water beskikbaar dat mense ondergedompel kon word nie en dan is die dopeling besprinkel. Dit bewys dat dit nie saak maak hoeveel water ons gebruik nie, want die water is net die simbool van die afwassing. Dit toon slegs hoe die bloed van Christus ons skoon was.
- 3. Nagmaal**
- 3.1 Die Nagmaal stam van die pasga af.
- 3.2 Die Nagmaal is nie meer ’n offer (soos die Rooms-Katolieke mis leer) nie. Die offer van Jesus Christus is klaar een maal op Golgota gebring.
- 3.3 Die dwaling van die RKK is dat die brood en die wyn in die liggaam en bloed van Christus verander. Volgens hulle is dit ’n onbloedige herhaling van Jesus se offer aan die kruis. Daarom beskou ons die mis as die verloëning van die enige offerande van Christus en sien ons dit as ’n vervloekte afgodery.
- 3.4 Die Heilige Nagmaal moet tot die gedagtenis van Jesus Christus genuttig word – totdat Hy weer kom en ook omdat Hy weer kom. Dit is ’n magtige gebeurtenis waaraan die gemeente sy versoening te danke het.
- 3.5 Jesus Christus is Persoonlik deur sy Gees teenwoordig by elke Nagmaal. Daarom is dit ’n gemeenskapsmaal.

- 3.6 Alleen gelowiges wat belydenis van hulle geloof afgelê het, mag die Nagmaal gebruik.
- 3.7.1 Die belydenis van geloof word vereis, omdat:
- die lidmaat dan met sy leer en lewe die verantwoordelikheid tot so 'n stap bewys;
 - die kerk die lidmaat oordeel volgens sy wandel, met ander woorde of sy lewe die vrugte van die bekering voortbring en of hy homself beproef; en
 - wanneer die lidmaat goddeloos is, hy deur die kerkraad van die Nagmaal weerhou word.
- 3.8 Die Nagmaal verseker aan ons dat Christus se offer aan die kruis vir ons versoening volbring het.
- 3.9 Die Nagmaal preek twee weldade:
- Vergewing van sondes deur die lyde en sterwe van Christus
 - Die vereniging met sy liggaam deur die werking van die Heilige Gees – HK, vr. 76
- 3.10 Die Nagmaal beteken vier dinge:
- Dis 'n teken van my verlossing.
 - Dit is 'n teken van my doemwaardigheid.
 - Dit is 'n teken wat ons met dankbaarheid bejeën omdat dit aan ons leer wat God aan ons skenk.
 - Dit leer ons dat ons deur God regverdig verklaar word omdat Hy 'n plaasvervangende offer aanneem.
- 3.11 Die Nagmaal is ingestel vir die gelowiges, dit wil sê vir diegene wat hulle sondes erken en berou het daarvoor en wat nogtans vertrou dat hulle sondes vergewe is om Jesus Christus se ontwil – HK, vr. 81.
- 3.12 Voor elke Nagmaal is dit nodig dat elke gelowige homself behoorlik sal ondersoek – HK, vr. 81; Nagmaalsformulier; 1 Korintiërs 11:28,29.
- 3.13 Die ware selfondersoek bestaan daaruit dat:
- jy ware kennis van jou sondes en ellende moet hê;
 - jy kennis van jou verlossing het en dat jy die belofte van God glo dat Jesus ook vir jou gesterf het tot versoening; en
 - jy jou voorneem om waarlik dankbaar te lewe.